

DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS

Inleiding

Hierdie brief maak saam met die briewe aan die *Kolossense*, *Filippense* en *Filemon* die viertal geskryfte uit wat bekend staan as Paulus se gevangenskapsbriewe. *2 Timoteus* sou egter ook as 'n gevangenskapsbrief beskou kon word.

Die apostel Paulus was tydens sy bediening herhaaldelik vir korter of langer tye 'n gevangene (vgl 2 Kor 11:23):

In ongeveer 56-58 nC was hy in Caesarea in die gevangenis (Hand 24:23,27; 26:32).

Tussen ongeveer 59 en 61 nC was hy onder huisarres in Rome, waar hy toegelaat is om in sy eie gehuurde huis te woon (Hand 28:16,30).

Hy was moontlik ook êrens tussen 52 en 55 nC in Efese in gevangenskap (2 Kor 1:8-11; vgl 1 Kor 15:32).

Uit 2 Timoteus 1:8,16; 2:9 blyk dat hy kort voor sy dood, in ongeveer 64 nC, weer in Rome in gevangenskap was.

Tradisioneel word aanvaar dat Paulus *Efesiërs* tydens sy huisarres in Rome geskryf het. Dit is egter ook moontlik dat dit gedurende sy langdurige gevangenskap in Caesarea geskryf is.

Vanweë die opvallende ooreenkomste tussen *Efesiërs* en *Kolossense* meen sekere navorsers dat *Efesiërs* van *Kolossense* afhanklik is, en daarom nie deur Paulus self geskryf sou wees nie. Die skrywer identifiseer homself egter twee keer as Paulus (1:1; 3:1), en die kerklike tradisie aanvaar hom

eenparig as die skrywer. Die argumente teen Paulus is nie werklik deurslaggewend nie.

Alhoewel hierdie brief bekend staan as *Efesiërs*, was dit heel moontlik nie net vir gelowiges in Efese bedoel nie, maar eerder as 'n omsendbrief aan verskillende gemeentes in Klein-Asië, waarvan Efese die belangrikste stad was. 'n Aanduiding hiervan is dat die adres “in Efese” (1:1) in verskeie vroeë manuskripte ontbreek.

Die brief roep die lesers op om God daarvoor te loof dat Hy alles in die hemel en op die aarde onder een Hoof, naamlik Christus, verenig het (1:10). Veral word benadruk dat God Christus as Hoof van sy kerk gestel het (1:22), en dat die kerk as sy liggaam tot 'n eenheid saamgebind is (1:23; 4:1-16). Daarom moet kerkmense so leef dat gesien kan word dat hulle kinders van God is (4:1 — 6:9).

In hierdie brief staan God Drie-enig sentraal. *God* word geloof vir die heil wat Hy beplan en bewerk het vir hulle wat Hy bestem het om sy kinders te wees. Hy is die Vader van sy kinders, wat Hy as sy verbondsvolk en kerk, soos 'n huisgesin saamvoeg. *Christus*, wat die heil bewerk het, is Hoof van sy kerk en heers ook as Hoof van die wêreld. Die *Heilige Gees* is God se gawe aan sy kerk. Die gelowiges is die volk van God en die liggaam van Christus. Kerkmense is 'n versoende gemeenskap wat met God en met mekaar in 'n nuwe verhouding staan, en dit in die wêreld moet uitleef.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-2 Brieffaanhef

1:3-23 Lof aan God, danksegging en voorbidding

2 In Christus van die dood na die lewe

3:1-19 Paulus se dienswerk en gebed

3:20-21 Lofprysing

4:1-16 Eenheid van die kerk

4:17 — 5:20 Ou en nuwe lewe van gelowiges in Christus

5:21 — 6:9 Gelowiges in hulle verskillende lewensverhoudings

6:10-20 Oproep tot geestelike bewapening

6:21-22 Laaste opmerkings

6:23-24 Seëngroet

1

¹ Paulus, 'n •apostel van •Christus Jesus deur die wil van God,^{*}
aan die heiligesa wat in Efese^b is, die gelowiges in Christus Jesus:

² Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.

Lof aan God^c

³ Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!

Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning
in die hemel.^{*}

⁴ So het Hy ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom
uitgekies,^{*}

sodat ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou leef,^{*}

^{*} **1:1** *Paulus ... God:* 1 Kor 1:1; Kol 1:1

^a **1:1** *heiliges:* Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

^b **1:1** *in Efese:* Dit ontbreek in sommige mss. Die brief was waarskynlik as 'n omsendbrief aan gemeentes in Klein-Asië bedoel.

^c **1:2** *Lof aan God:* Hierdie gedeelte is in die •bronteks in die vorm van liriese prosa en weerspieël die stylvorm van Joodse lofprysinge. Die frase “tot lof van ... heerlijkheid” (vgl Ef 1:6,12,14) laat die loflied in drie dele uiteenval.

^{*} **1:3** *Dit ... hemel:* Ef 2:6

^{*} **1:4** *So ... uitgekies:* Joh 15:16; 17:24; 2 Thess 2:13

^{*} **1:4** *sodat ... leef:* Ef 5:27; Kol 1:22

⁵ nadat Hy ons voorbestem het om ons
deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem,^d
soos Hy dit volgens sy wil goedge-dink het,
⁶ tot lof van die heerlikheid van sy genade,
waarmee Hy ons in die Geliefde* begenadig het.

⁷ In Hom het ons die bevryding deur sy bloed,
die vergewing van ons oortredinge*
uit die rykdom van sy genade,*

⁸ wat Hy oorvloedig aan ons geskenk het saam met alle wysheid en
insig.

⁹ Hy het die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak,*
soos Hy dit goedge-dink en by Homself voorgeneem het

¹⁰ om die volheid van die tye^e te bestuur
en om alle dinge in Christus onder een Hoof saam te bring*
— die dinge in die hemel en die dinge op die aarde — ja, alles saam
in Hom.

¹¹ In Hom is ons ook as erfgename uitverkies,
voorbestem volgens die voorneme*
van die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur,

^d**1:5 kinders ... neem:** Letterlik ‘as seuns aan te neem’, maar dit sluit hier ook dogters in; vgl Joh 1:12.

* **1:6 die Geliefde:** Matt 3:17; Kol 1:13

* **1:7 In Hom ... oortredinge:** Kol 1:14,20

* **1:7 die rykdom ... genade:** Ef 2:7

* **1:9 Hy het ... gemaak:** Rom 16:25; Ef 3:3,9

^e**1:10 volheid ... tye:** Verwys na die verskillende tydsbedelinge wat volgens God se raad tot vervulling kom; vgl Gal 4:4.

* **1:10 om alle ... bring:** Kol 1:16,20

* **1:11 voorbestem ... voorneme:** Rom 8:28-29

¹² sodat ons, wat van die begin af ons hoop op Christus gevestig het, kan leef tot lof van sy heerlikheid.^f

¹³ In Hom is julle, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie* van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees wat belof is.^g

¹⁴ Die Gees is die waarborg^h van ons erfenis* om ons los te koop as God se eiendom, tot lof van sy heerlikheid.

Voorbidding en geloofsuitspraak

¹⁵ Om hierdie rede, omdat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en julle liefde vir al die •heiliges,^{*} ¹⁶ hou ek nie op om God oor julle te dank wanneer ek in my gebede aan julle dink nie.^{*} ¹⁷ *Dan bid ek dat die God van ons Here Jesus •Christus, die Vader van alle heerlikheid, vir julle dit sal gee: 'n gees van wysheid* en openbaring, wat in die kennis van Hom bestaan, ¹⁸ verligte geestesoë,ⁱ sodat julle kan verstaan

wat die hoop is wat sy roeping bied,^{*}

^f**1:12 lof ... heerlikheid:** Hierdie uitdrukking kom soos 'n refrein voor in Ef 1:6,12,14. Die bedoeling is dat die koninklike majesteit van God geprys word.

^{*}**1:13 woord ... evangelie:** Kol 1:5

^g**1:13 belof is:** Die belofte kom voor in Joël 2:28-29; vgl Ef 4:30.

^h**1:14 waarborg:** Kan ook vertaal word “deposito” of “eerste paalement”.

^{*}**1:14 Die Gees ... erfenis:** 2 Kor 1:22; 5:5

^{*}**1:15 omdat ... heiliges:** Kol 1:4

^{*}**1:16 om God ... dink nie:** Kol 1:3; 1 Thess 1:2

^{*}**1:17** Kol 1:9-10

^{*}**1:17 gees van wysheid:** Jes 11:2 ; Wys 7:7

ⁱ**1:18 geestesoë:** Letterlik ‘oë van julle hart’.

^{*}**1:18 die hoop ... bied:** Ef 4:4

wat die heerlike rykdom van sy erfenis

vir die heiligens^j behels,^{*}

¹⁹ wat die onvergelykbare grootheid van sy mag is,
ooreenkomstig die uitwerking van sy groot krag
op ons wat glo.

²⁰ Dié krag het Hy in Christus uitgeoefen
toe Hy Hom uit die dode opgewek het^{*}
en Hom laat sit het aan sy regterhand^k in die hemel,^l

²¹ *bo elke owerheid en gesag en mag en heerser,
ja, bo enigiets wat genoem kan word,
nie alleen in hierdie bedeling nie,
maar ook in die toekomstige.

²² Hy het alles onder sy voete gestel^m
en Hy het Hom as Hoof oor alles aan die kerk,^{n*}
²³ wat sy liggaam is,^{*} gegee,
die volheid van Hom wat alles in almal vervul.^{*}

^j**1:18 heiligens:** Vgl voetnoot in Ef 1:1.

^{*}**1:18 sy erfenis ... behels:** Kol 1:12

^{*}**1:19-20 die onvergelykbare ... opgewek het:** 2 Kor 13:4; Kol 2:12

^k**1:20 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^l**1:20 hemel:** Letterlik 'hemelsfere'; **Hom laat ... hemel:** Verwys na Ps 110:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 22:44; Mark 16:19; Hand 2:34; Heb 1:3; 8:1.

^{*}**1:21** Kol 1:16; 2:10

^m**1:22 Hy het alles ... gestel:** Verwys na Ps 8:7 as heenwysing na Jesus Christus.

ⁿ**1:22 kerk:** Hier dui die woord *ekklesia* nie op 'n plaaslike •gemeente nie maar op die universele •kerk.

^{*}**1:22 Hy het Hom ... kerk:** Ef 4:15; Kol 1:18

^{*}**1:22-23 die kerk ... liggaam is:** Rom 12:5; 1 Kor 12:27; Kol 1:18

^{*}**1:23 die volheid ... vervul:** Ef 4:10; Kol 1:19

2

In Christus van die dood na die lewe

¹* Julle was dood deur die oortredinge en sondes ²waarin julle vantevore geleef het volgens die bose lewenswyse van hierdie bedeling,* volgens die heerser wat mag uitoefen in die lug* — dié gees wat nou aan die werk is onder die kinders van die ongehoorsaamheid.^o ³ Ons almal het destyds ook so opgetree toe ons die begeertes van ons sondige aard en van ons gedagtes uitgeleef het. Ook ons, soos al die ander, was toe van nature kinders van die oordeel.^p ⁴⁻⁵* Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, toe ons dood was as gevolg van die oortredinge, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam lewend gemaak in •Christus^q* — deur genade is julle verlos! ⁶* Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek en saam laat sit in die hemel,^r ⁷ sodat Hy in tye wat kom, bewys kan lewer van die allesoortreffende rykdom van sy genade* deur sy goedheid aan ons in Christus Jesus. ⁸ Want uit genade is julle verlos, deur geloof.* En juis dit

*2:1 Ef 2:5; Kol 2:13

*2:2 waarin ... bedeling: Kol 3:7; Tit 3:3

*2:2 volgens ... lug: Joh 12:31; Ef 6:12

^o2:2 kinders ... ongehoorsaamheid: 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word “mense wat ongehoorsaam is”; vgl Ef 5:6.

^p2:3 kinders ... oordeel: 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word “mense wat onder die oordeel van God staan”; vgl Kol 3:6.

*2:4-5 Hand 15:11; Ef 2:8

^q2:4-5 in Christus: •Bronteks lui “saam met Christus”. Die lesing van baie goeie mss is egter in die vertaling gevolg.

*2:4-5 toe ons ... Christus: Luk 15:24,32; Rom 6:13; Ef 2:1; Kol 2:13

*2:6 Kol 2:12

^r2:6 hemel: Letterlik ‘hemelse sferes’.

*2:7 die allesoortreffende ... genade: Ef 1:7

*2:8 Want ... geloof: Hand 15:11; Gal 2:16; Ef 2:5

kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.* ⁹ Dit kom nie uit eie werke nie,* sodat niemand hom op iets kan beroem nie.* ¹⁰ Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen* en daarvolgens te leef.

Eenheid in Christus

¹¹ Daarom, onthou dat julle destyds volgens julle sondige aard heidene was.* Julle word onbesnedenes genoem deur diegene wat besnedenes genoem word, al is dit bloot liggaamlik deur hande verrig. ¹² Onthou dat julle in daardie tyd sonder •Christus was, vervreem van die burgerskap van Israel en •vreemdelinge ten opsigte van die verbondsbeloftes.* Julle was sonder hoop* en sonder God in die wêreld. ¹³ Maar nou, in Christus Jesus, het julle, wat destyds ver weg was, naby gekom^s deur die bloed van Christus.*

¹⁴ Hy is immers ons vrede^t — Hy wat albei één gemaak het en die middelmuur van skeiding, die vyandskap, deur sy liggaam afgebreek het.*

¹⁵ Hy het die wet met sy eise en reëls tot niet gemaak* sodat Hy, deur vrede te maak, in Homself die twee tot een nuwe mens kon skep,* ¹⁶ en sodat Hy albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis,*

* **2:8** die gawe van God: Joh 4:10; Heb 6:4

* **2:9** Dit ... werke nie: Rom 3:28; 2 Tim 1:9; Tit 3:5

* **2:9** niemand ... beroem nie: 1 Kor 1:29

* **2:10** geskep ... doen: Tit 2:14

* **2:11** julle destyds ... heidene was: Ef 5:8

* **2:12** vervreem ... verbondsbeloftes: Rom 9:4; Kol 1:21

* **2:12** was sonder hoop: 1 Thess 4:13

^s**2:13** Maar nou ... gekom: Verwys na Jes 57:19 as heenwysing na Jesus Christus.

* **2:13** naby ... van Christus: Kol 1:20

^t**2:14** Hy ... vrede: Verwys na Jes 9:6 as heenwysing na Jesus Christus.

* **2:14** Hy wat ... afgebreek het: 1 Kor 12:13; Gal 3:28

* **2:14-15** die vyandskap ... niet gemaak: Kol 2:14

* **2:15** sodat Hy ... skep: 2 Kor 5:17

* **2:16** sodat ... kruis: Kol 1:20,22

deurdat Hy daaraan die vyandskap vernietig het.¹⁷ Inderdaad, toe Hy gekom het, het Hy vrede as goeie boodskap aan julle verkondig, aan julle wat ver was, en ook vrede aan diegene wat naby was.^{u 18} *Want deur Hom het ons albei toegang tot die Vader deur een Gees.

Een bouwerk van God

¹⁹ *So is julle dan nie meer •vreemdelinge en bywoners nie, maar julle is medeburgers van die •heiliges, en die huisgesin van God.

²⁰ Julle is gebou op die fondament van die •apostels* en profete met •Christus Jesus self as hoeksteen.^{v 21} *In Hom verrys die hele gebou, goed saamgevoeg, tot 'n heilige tempel vir die Here.* ²² *In Hom word julle ook saam opgebou tot woonplek van God deur die Gees.

3

Paulus se dienswerk onder die heidene

¹ Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van •Christus Jesus,* ter wille van julle, die heidene.

² Julle het tog gehoor van die bedieningstaak aangaande julle, wat God in sy genade aan my toevertrou het.* ³ *Deur openbaring is die

^u**2:17 toe Hy ... naby was:** Verwys na Jes 52:7; 57:19; Sag 9:10 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**2:18** Rom 5:2; Ef 3:12

^{*}**2:19** Ef 3:6; Heb 12:22-23

^{*}**2:20 Julle is ... apostels:** Op 21:14; Matt 16:18

^v**2:20 met Christus ... hoeksteen:** Verwys na Jes 28:16 as heenwysing na Jesus Christus; vgl 1 Pet 2:6; 1 Kor 3:9-11.

^{*}**2:21** Ef 4:15-16; Kol 2:19

^{*}**2:21 'n heilige ... Here:** 1 Kor 3:16; 2 Kor 6:16

^{*}**2:22** 1 Pet 2:5

^{*}**3:1 die gevangene ... Jesus:** Ef 4:1; Fil 1:7,13; Filem vs 1,9

^{*}**3:2 die bedieningstaak ... toevertrou het:** Kol 1:25

^{*}**3:3** Ef 1:9-10; Kol 1:26

geheimenis aan my bekend gemaak, soos ek reeds kortliks geskryf het. ⁴ Wanneer julle dit lees, sal julle daardeur my insig in die geheimenis van Christus kan begryp. ⁵ Die geheimenis is nie aan vorige geslagte onder die mensdom bekend gemaak soos dit tans deur die Gees aan sy heilige •apostels en profete geopenbaar is nie, ⁶ * naamlik dat die heidene deur die evangelie mede-erfgename, medelede van die liggaam en deelgenote aan die belofte in Christus Jesus is. ⁷ Van dié evangelie het ek 'n dienaar geword ooreenkomstig die gawe van God se genade wat aan my betoon is* deur sy krag wat in my werk. ⁸ Aan my, die geringste van al die •heiliges, is hierdie genade geskenk* om aan die heidene die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus* te verkondig* ⁹ en om aan die lig te bring hoe die geheimenis, wat vir eeue lank verborge was, in werking gestel word deur God* wat alle dinge geskep het. ¹⁰ Gevolglik kan die ryklik geskakeerde wysheid van God* nou deur die •kerk aan die owerhede en die magte in die hemel^w bekend gemaak word* ¹¹ ooreenkomstig sy ewige voorneme, wat Hy gemaak het in Christus Jesus, ons Here. ¹² *In Hom het ons deur ons geloof in Hom 'n seker en vrymoedige toegang tot God. ¹³ Daarom versoek ek julle om nie moedeloos te word as gevolg van my verdrukking ter wille van julle nie.*

***3:6** Ef 2:13,18-19

***3:7** Van dié evangelie ... betoon is: Kol 1:23,25

***3:8** Aan my ... geskenk: 1 Kor 15:9-10

***3:8** die onpeilbare ... Christus: Ef 1:7

***3:8** om aan ... verkondig: Gal 1:16

***3:9** hoe ... God: Rom 16:25; Kol 1:26

***3:10** die ryklik ... God: Rom 11:33

^w**3:10** *hemel*: Letterlik 'hemelse sfere'.

***3:10** kan die ... gemaak word: 1 Pet 1:12

***3:12** Rom 5:2; Heb 4:16; 10:19

***3:13** my ... julle nie: Kol 1:24

Dit sal julle tot eer strek.

Paulus se gebed vir die lesers

¹⁴ Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader ¹⁵ van wie elke geslag^x in die hemel en op aarde sy naam ontvang het. ¹⁶ Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom van sy heerlijkheid dit sal skenk:

om deur sy Gees met krag na die innerlike mens versterk te word;*

¹⁷ om •Christus deur die geloof in julle harte te laat woon,*
terwyl julle in die liefde gewortel en gegrond is,*

¹⁸ * sodat julle volledig in staat mag wees

om saam met al die •heiliges tot die besef te kom van
die breedte en die lengte en die hoogte en die diepte,

¹⁹ ja, om die liefde van Christus te leer ken wat alle begrip te bowe gaan,
sodat julle gevul mag word met al die volheid van God.*

Lofprysing

²⁰ Aan Hom wat die mag het oor alle dinge, aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk* in staat is om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, ²¹ aan Hom kom toe die heerlijkheid in die •kerk en in •Christus Jesus deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. •Amen.

^x**3:15 geslag:** Bybelse term vir die aanduiding van 'n patriargale geslagslyn. In die Grieks is daar 'n woordspel tussen “Vader” (*pater*) en “geslag” (*patria*.)

* **3:16 sal skenk ... word:** Kol 1:11

* **3:17 om Christus ... woon:** Joh 14:23

* **3:17 gewortel ... is:** Kol 1:23; 2:7

* **3:18** Kol 2:2

* **3:19 sodat ... God:** Kol 2:10

* **3:20 deur ... werk:** Kol 1:29

4

Eenheid van die kerk

¹ Daarom spoor ek julle aan, ek wat ter wille van die Here 'n gevangene is,* om so te leef dat julle die roeping waarmee julle geroep is, waardig is:* ²* deur mekaar met volkome nederigheid en saggeardheid, en met geduld in liefde te verdra, ³* en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk,^y te bewaar deur die band van vrede. ⁴ Dit is een liggaam* en een Gees,* soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: ⁵ een Here,* een geloof, een doop, ⁶* een God en Vader van almal, Hy wat oor almal en deur almal en in almal is.

⁷* Maar aan elkeen van ons is 'n genadegawe geskenk soos •Christus dit uitgedeel het.^z ⁸ Daarom staan daar:

“Toe Hy opgevaar het na bo,
het Hy gevangenes weggevoer;
Hy het gawes^a aan die mense gegee.”^b

* **4:1** ek wat ... gevangene is: Ef 3:1; Fil 1:7,13; Filem vs 1,9

* **4:1** om so ... waardig is: Kol 1:10

* **4:2** Kol 3:12-13

* **4:3** Kol 3:14-15

^y**4:3** *eenheid*: Of “eensgesindheid”.

* **4:4** *een liggaam*: Rom 12:5; Ef 2:16

* **4:4** *een Gees*: Ef 2:18

* **4:5** *een Here*: Joh 10:16; 1 Kor 8:6

* **4:6** 1 Kor 12:6

* **4:7** Rom 12:3,6; 1 Kor 12:11

^z**4:7** *soos ... het*: Letterlik ‘volgens die maat van die gawe van Christus’.

^a**4:8** *gawes*: Die geestesgawes wat Christus aan sy •kerk gee.

^b**4:8** *Toe ... gegee*: Aanhaling uit Ps 68:19 (Ps 67:19 •Septuagint) as heenwysing na Jesus Christus; vgl Kol 2:15. “Krygsgevangenes” verwys na •Satan en sy trawante wat deur Christus oorwin is.

⁹ * “Hy het opgevaar,” waarop anders dui dit as dat Hy eers neergedaal het na die laer dele, die aarde?^c ¹⁰ Die Een wat neergedaal het, is dieselfde Een wat opgevaar het tot bo al die hemele^d sodat Hy alle dinge tot vervulling kon bring. ¹¹ * En Hy het sommige as •apostels, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars gegee ¹² om die •heiliges toe te rus vir hulle dienswerk* en om die liggaam van Christus op te bou.* ¹³ So sal ons almal tot geloofseenheid kom, tot kennis van die •Seun van God, tot volwassenheid* en tot die volgroeide gestalte van die volheid van Christus. ¹⁴ Die doel hiervan is dat ons nie meer klein kindertjies sal wees nie,* wat deur onstuimige golwe rondgeslinger word en rondgewaai word deur elke wind van lering, deur mense se slinksheid en die gekonkel waardeur hulle dwaling beplan; ¹⁵ maar dat ons eerder, terwyl ons in liefde aan die waarheid vashou, in alle opsigte na Hom toe sal groei. Hy, Christus, is die Hoof* ¹⁶ * uit wie die hele liggaam, harmonieus saamgevoeg en saamgebind, deur die ondersteuning van elke gewrig volgens die werking van elke deel afsonderlik, die groei van die liggaam bewerk tot sy eie opbou in liefde.

* 4:9 Joh 3:13

^c 4:9 *laer ... aarde*: Kan ook vertaal word “die onderste dele van die aarde”.

^d 4:10 *hemele*: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

* 4:11 1 Kor 12:28

* 4:12 *om die heiliges ... dienswerk*: 2 Tim 3:17

* 4:12 *om die liggaam ... bou*: 1 Pet 2:5

* 4:13 *tot volwassenheid*: Kol 1:28

* 4:14 *nie meer ... wees nie*: 1 Kor 14:20

* 4:15 *Hy ... Hoof*: Ef 1:22; 5:23; Kol 1:18

* 4:16 Kol 2:19

Ou en nuwe lewe

¹⁷ Dit sê en bevestig ek dan in die Here: Julle moenie meer soos die heidene met hulle leë gedagtes leef nie. ¹⁸ Hulle denke is verduister,* hulle is vervreem van die lewe met God,* omdat hulle onkundig is* deur die hardheid van hulle harte. ¹⁹ *Omdat hulle gevoelloos geword het, het hulle hulleself oorgegee aan losbandigheid om onversadigbaar allerhande onrein dade te pleeg.

²⁰ Maar julle het •Christus nie so leer ken nie. ²¹ Julle het tog van Hom gehoor en julle is oor Hom onderrig, volgens die waarheid wat in Jesus is, ²² naamlik dat julle, wat julle vroeëre lewenswandel betref, die ou mens moet aflê* wat as gevolg van sy drang na dwaling vergaan.* ²³ *Julle moet eerder deur die aard van julle denke^e vernuwe word. ²⁴ Ja, trek die nuwe mens as klee^f aan wat in •geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.*

* **4:17-18** *Julle moenie ... verduister:* Rom 1:21

* **4:18** *vervreem ... God:* Ef 2:12; Kol 1:21

* **4:18** *omdat ... onkundig is:* 1 Pet 1:14

* **4:19** Kol 3:5

* **4:22** *naamlik ... aflê:* Kol 3:9

* **4:22** *die ou mens ... vergaan:* Gal 6:8

* **4:23** Rom 12:2

^e**4:23** *aard ... denke:* Letterlik 'in die gees van julle denke'.

^f**4:24** *trek ... aan:* Die beeldspraak van klere aantrek en uittrek word hier gebruik om die gelowige se aflê van 'n sondige leefstyl en aanneem van 'n nuwe leefstyl as Christen te verduidelik; vgl Kol 3:9-10.

* **4:24** *mens ... geskep is:* Gen 1:26

Vermanings oor die alledaagse lewe

²⁵ Daarom, vermy leuentaal en praat elkeen die waarheid met sy naaste,* want ons is lede van een liggaam.^g ²⁶ Word kwaad, maar moenie sondig nie.* Laat die son nie ondergaan oor julle woede nie. ²⁷ Moenie vir die Duiwel plek gee nie.

²⁸ Die een wat nog steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen wat goed is,* sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee. ²⁹ Nie 'n enkele vuil woord moet uit julle mond kom nie,* maar eerder 'n woord wat goed is vir die noodsaaklike opbou sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor.* ³⁰ En bedroef nie die Heilige Gees van God* deur wie julle met die oog op die dag van bevryding verseël is nie.* ³¹ *Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad. ³² *Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe soos God in •Christus julle ook vergewe het.*

* 4:25 *elkeen ... naaste*: Sag 8:16; Kol 3:8-9

^g4:25 *van een liggaam*: Letterlik 'van mekaar'.

* 4:26 *Word ... sondig nie*: Ps 4:5 •Septuagint; Jak 1:19-20

* 4:28 *deur ... goed is*: 1 Thess 4:11

* 4:29 *Nie ... kom nie*: Ef 5:4; Kol 3:8

* 4:29 *sodat ... hoor*: Kol 4:6

* 4:30 *bedroef ... God*: Jes 63:10; 1 Thess 5:19

* 4:30 *deur ... verseël is nie*: Ef 1:13-14

* 4:31 Kol 3:8

* 4:32 Kol 3:12-13

* 4:32 *julle mekaar ... het*: Matt 6:14; 18:22-35

5

¹ *Volg dan die voorbeeld van God^h as geliefde kinders, ² en leef in liefde,* net soos •Christus ons liefgehad en Homself ter wille van ons oorgegee het* as 'n offergawe aan God,* as 'n offerande met 'n aangename geur.*

³ *Maar, soos dit •heiliges betaam, moet daar onder julle van seksuele losbandigheid en allerlei onreinheid of gierigheid geen sprake wees nie, ⁴ ook nie van skandelikhede en dwase of lawwe praatjies, wat alles onvanpas is nie,* maar eerder van danksegging. ⁵ Want dit moet julle goed begryp: Geen hoereerder of onreine of gierigaard — so iemand is 'n afgodedienaar — het 'n erfdeel aan die •koninkryk van Christus en van God nie.*

Die lewe in die lig

⁶ Laat niemand julle verlei met leë redenasies nie,* want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.^{i*} ⁷ Moet dus nie deel van hulle wees nie. ⁸ Want vroeër was julle wel duisternis, maar nou in die Here is julle lig.* Leef as kinders van die lig!* ⁹ Die vrug

*5:1 Matt 5:48

^h5:1 **Volg ... God:** Letterlik 'wees dan nabootsers van God'.

*5:2 *en leef in liefde:* Rom 14:15

*5:2 *Christus ... oorgegee het:* Gal 2:20

*5:2 *'n offergawe aan God:* Ps 40:7; Heb 10:10

*5:2 *met ... geur:* Eks 29:18; Eseg 20:41

*5:3 Kol 3:5

*5:4 *nie van ... is nie:* Ef 4:29; Kol 3:8

*5:5 *Geen ... God nie:* 1 Kor 6:9-10; Kol 3:5

*5:6 *Laat ... redenasies nie:* Kol 2:4,8

ⁱ5:6 **kinders ... ongehoorsaamheid:** 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word "mense wat ongehoorsaam is"; vgl Ef 2:2.

*5:6 *kom ... ongehoorsaamheid:* Rom 1:18; Kol 3:6

*5:8 *Want ... julle lig:* Ef 2:11,13; Kol 1:13; 1 Pet 2:9

*5:8 *kinders ... die lig:* Luk 16:8; Joh 12:36

van die lig^j bestaan immers uit alle goedheid en •geregtigheid en waarheid. ¹⁰ *Beproef wat vir die Here aanneemlik is. ¹¹ Ja, moenie deel hê aan die onvrugbare werke van die duisternis nie;* stel dit eerder aan die kaak. ¹² Want die dinge wat deur hulle in die geheim gedoen word — selfs net om daarvoor te praat, is skandelik; ¹³ *tog word alles wat deur die lig ontmasker word, openbaar. ¹⁴ Immers, alles wat sigbaar word, is lig. Daarom word gesê:

Word wakker, jy wat slaap,*
en staan op uit die dood*
en •Christus sal sy lig oor jou laat skyn.*

Die lewe deur die Gees

¹⁵ Let daarom sorgvuldig op hoe julle leef — nie as onverstandiges nie, maar as wyses. ¹⁶ Koop die tyd uit,* omdat die dae vol boosheid is.* ¹⁷ Om hierdie rede moet julle nie onverstandig wees nie; probeer eerder om te verstaan wat die wil van die Here is.* ¹⁸ En moenie deur wyn bedwelm raak nie;* daardeur ontstaan losbandigheid. Inteendeel: Word vervul deur die Gees, ¹⁹ *terwyl julle onder mekaar praat met die woorde van

^j5:9 *lig*: Ander mss lui “Gees”.

*5:10 Rom 12:2

*5:11 *moenie ... duisternis nie*: Rom 16:17; 2 Thess 3:6; 2 Joh vs 10-11

*5:13 Joh 3:20-21

*5:14 *Word ... slaap*: Jes 26:19; 51:17; 52:1; 60:1; Rom 13:11

*5:14 *staan ... dood*: Jes 26:19

*5:14 *Christus ... skyn*: Jes 60:1

*5:16 *Koop ... uit*: Kol 4:5

*5:16 *omdat ... boosheid is*: Am 5:13

*5:17 *probeer ... Here is*: Rom 12:2; Kol 1:9

*5:18 *moenie ... raak nie*: Spr 23:31 •Septuagint

*5:19 Kol 3:16

psalms, lofgesange en geestelike liedere. Sing, ja, sing van harte vir die Here, * ²⁰ * terwyl julle God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus •Christus dank.

Vrou en man in die huwelik

²¹ *Wees onderdanig aan mekaar uit ontsag vir •Christus.

²² ^k* Vroue, wees onderdanig aan julle mans, soos aan die Here, ²³ omdat die man die hoof is van die vrou, * soos Christus ook hoof is van die •kerk; Hy is Verlosser van die liggaam.¹ ²⁴ Maar soos die kerk onderdanig is aan Christus, so ook moet die vrou in alle opsigte aan die mans onderdanig wees.

²⁵ Mans, julle moet julle vroue liefhê, * soos ook Christus die kerk liefgehad het * en Homself ter wille van haar^m oorgegee het, ²⁶ sodat Hy haar kon heilig, * deurdat Hy haar gereinig het deur die was met waterⁿ en die woord. * ²⁷ * Dit het Hy gedoen sodat Hy vir Homself die kerk in

* **5:19** *Sing ... die Here:* Ps 33:2-3

* **5:20** Kol 3:17

* **5:21** 1 Pet 5:5

^k**5:22 — 6:9** Hierdie verse word aangebied in die vorm van •huishoudelike voorskrifte wat aansluit by die destydse gesinstruktuur; vgl ook Kol 3:18 — 4:1; Tit 2:5; 1 Pet 2:18; 3:1-7.

* **5:22** Gen 3:16; Kol 3:18; 1 Pet 3:1

* **5:23** *die man ... vrou:* 1 Kor 11:3

^l**5:23** *liggaam:* Verwys na die kerk; vgl Ef 1:23.

* **5:25** *Mans ... liefhê:* Kol 3:19; 1 Pet 3:7

* **5:25** *Christus ... liefgehad het:* Ef 1:22; Kol 1:18

^m**5:25** *haar:* Verwys na die kerk as bruid van Christus.

* **5:25-26** *Homself ... heilig:* Heb 10:10,14; 13:12

ⁿ**5:26** *was met water:* Verwys na die doop en 'n bruid se reinigingsrite.

* **5:26** *deurdat ... woord:* Tit 3:5

* **5:27** 2 Kor 11:2; Kol 1:22

heerlikheid daar kan stel, sonder vlek of rimpel of enigiets dergeliks, heilig en sonder smet. ²⁸ Net so is die mans verplig om hulle eie vroue soos hulle eie liggame lief te hê. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief. ²⁹ Niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie; intendeel, hy voed en koester dit, soos Christus sy •kerk. ³⁰ *Ons is immers lede van sy liggaam. ³¹ **“Om hierdie rede sal 'n man sy pa en ma verlaat en hom aan sy vrou verbind — en hulle twee sal een liggaam wees.”* ³² *Hierdie geheimenis is groot; ek sê dit met verwysing na Christus en die kerk. ³³ Maar dit geld ook vir een en almal van julle: Laat elkeen sy eie vrou liefhê soos hy homself liefhet; en laat die vrou haar man eerbiedig.

6

Kinders en ouers

¹ *Kinders, wees in die Here aan julle ouers gehoorsaam, want dit is hoe dit hoort. ² *“Eer jou vader en jou moeder,”* dit is die eerste gebod met 'n belofte, ³ *“sodat dit met jou goed mag gaan en jy 'n lang lewe op aarde sal hê.”**
⁴ En vaders: Moenie julle kinders uittart nie,* maar voed hulle op deur die dissipline en teregwysing van die Here.*

Slawe en eienaars

⁵ *Slawe, wees met vrees en bewing aan julle aardse eienaars gehoorsaam, met opregte harte, soos aan •Christus — ⁶ nie met

* **5:30** Rom 12:5; 1 Kor 6:15; 12:27; Ef 1:22-23; Kol 1:18

* **5:31** Gen 2:24; Matt 19:5

* **5:32** Op 19:7

* **6:1** Kol 3:20

* **6:2-3** *Eer ... moeder en sodat ... sal hê:* Eks 20:12; Deut 5:16; Matt 15:4

* **6:4** *vaders ... uittart nie:* Kol 3:21

* **6:4** *voed ... die Here:* Deut 6:7,20-25; Ps 78:4; Spr 19:18; 22:6

* **6:5-7** Kol 3:22-23; Tit 2:9-10

lippediens om mense se guns te wen^o nie, maar as slawe van Christus wat die wil van God van harte doen, ⁷ terwyl julle met blymoedigheid julle diens verrig, soos vir die Here, en nie vir mense nie. ⁸ *Want julle weet dat elkeen, indien hy iets goeds doen, dit van die Here as loon sal terug ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.

⁹ En julle, eienaars, tree net so op teenoor die slawe en staak julle dreigemente, omdat julle weet dat hulle en julle dieselfde Here in die hemel het, * en dat Hy niemand volgens die uiterlike beoordeel nie.*

Oproep tot geestelike bewapening

¹⁰ Ten slotte: Vind jou sterkte in die Here en in sy geweldige krag.

¹¹ Trek die volle wapenrusting van God aan, * sodat julle staande kan bly teen die listighede van die Duiwel. ¹² *Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis,^p teen die bose geeste in die hemelruim. ¹³ Neem daarom die volle wapenrusting van God op sodat julle op die dag van onheil weerstand kan bied en, nadat julle alles uitgevoer het, staande kan bly. ¹⁴ Staan dan vas, julle heupe omgord met die waarheid, * bedek met die borsplaat van •geregtigheid, * ¹⁵ en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. * ¹⁶ Dra,

^o6:6 *lippediens ... wen*: Letterlik 'oëdiens soos mensebehaers'; vgl Kol 3:22.

*6:8 2 Kor 5:10; Kol 3:24-25

*6:9 *julle, eienaars ... hemel het*: Kol 4:1

*6:9 *dat Hy ... beoordeel nie*: Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Hand 10:34; Kol 3:25

*6:11 *Trek ... aan*: Rom 13:12; 2 Kor 10:4

*6:12 Joh 14:30; Ef 2:2; 1 Pet 5:8-9

^p6:12 *hierdie duisternis*: Ander mss lui "duisternis van hierdie bedeling".

*6:14 *julle ... waarheid*: Jes 11:5; Luk 12:35; 1 Pet 1:13

*6:14 *bedek ... geregtigheid*: Jes 59:17; Wys 5:18; 1 Thess 5:8

*6:15 *as skoene ... vrede*: Jes 52:7; Nah 1:15; Rom 10:15

by dit alles, die skild van die geloof, waardeur julle in staat sal wees om al die vurige pyle van die Bose* te blus. ¹⁷ Dra ook die helm van verlossing* en die swaard van die Gees, dit is die woord van God.*

¹⁸ Telkens wanneer julle bid en smeek, moet julle by elke geleentheid* deur die Gees bid. Daarom moet julle waaksaam wees deur volhardend te pleit vir al die •heiliges. ¹⁹ *Bid ook vir my sodat, wanneer ek my mond oopmaak, die gepaste woord vir my gegee mag word om met vrymoedigheid die geheimenis van die evangelie bekend te maak — ²⁰ hiervoor is ek 'n gesant* in kettings — sodat ek vrymoedig daarvoor kan praat soos ek moet.*

Laaste opmerkings

²¹ Sodat julle kan weet wat my omstandighede is en wat ek doen — alles sal Tigikus, die geliefde broer en getroue dienskneg van die Here, julle vertel. ²² Juis hiervoor stuur ek hom na julle,* sodat julle van ons omstandighede kan weet en sodat hy julle harte kan bemoedig.

Seëngroet

²³ Vrede vir die broers,^q en liefde en geloof van God die Vader en van die Here, Jesus •Christus. ²⁴ Sy genade bly met almal wat vir ons Here Jesus Christus onverganklik liefhet.*

* **6:16** vurige ... Bose: Ps 7:13

* **6:17** die helm van verlossing: Jes 59:17; 1 Thess 5:8

* **6:17** die swaard ... God: Jes 11:4; 49:2; Hos 6:5; Heb 4:12

* **6:18** Telkens ... geleentheid: Luk 18:1; Kol 4:2-3; 1 Thess 5:17

* **6:19** Hand 4:29; Kol 4:3; 2 Thess 3:1

* **6:20** hiervoor ... gesant: 2 Kor 5:20; Filem vs 9

* **6:20** sodat ... moet: Kol 4:4

* **6:21-22** Tigikus ... na julle: Hand 20:4; Kol 4:7-8; 2 Tim 4:12; Tit 3:12

^q**6:23** broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **6:24** almal ... liefhet: 1 Pet 1:8